

**11 Desember**

**Lukas 15:11-24**

## **Onvoorwaardelike liefde wat dring wanneer ek begin leef of God dood is**

Die eis van die jongste seun in die gelykenis wat Jesus vertel het was 'n wrede eis. Hy vra: "Pa gee my my deel van die besittings wat my toekom." Die jongman eis sy erfposisie terwyl sy pa nog leef. Vir hom is sy vader reeds dood.

Herken ek dalk iets van myself in hierdie jongste seun? Soos die jongste seun weet ek as gelowige ook dat ek 'n erfgenaam is - 'n erfgenaam van die Vader. Deur sy Seun het die Vader my erfgenaam gemaak van die heerlikste erfenis (lees 1 Pet 1:3-5 en Rom 8:17). Die gevaar is egter dat ek, terwyl ek hierdie sekerheid het, sal begin leef asof God nie bestaan nie - asof Hy dood is. Dit mag wees dat my gebedslewe of omgang met sy Woord wys dat ek my nie aan Hom steur nie. Dit mag wees dat my ongehoorsaamheid teenoor Hom binne my huwelik, gesin of op ander terreine van my lewe toon ek dat maak of Hy dood is.

Die jongman wat wou maak of sy vader dood is loop hom volgens die gelykenis vas. Hy verkwis sy erfenis en boonop kom daar honger-snoed. Hy beland tussen die varke. Dan onthou hy sy vader. Dit is asof sy vader se liefde hom dring om terug te gaan huis toe. Moenie die besonderhede van die vader se liefde miskyk nie. Die vader sien die seun al van ver af aankom. Hy was die hele tyd op die uitkyk vir sy seun! Hy talm nie. Hy hardloop sy kind tegemoet! Die seun word as kind in die huis terug verwelkom.

Wie hierdie vader sien wag vir sy seun, hom sien hardloop om sy seun te verwelkom, sien hoe hy hom terugneem, begin iets van God se liefde vir ons verstaan. 'n Liefde wat, omdat dit so onvoorwaardelik en onbegryplik is, jou dring wanneer jy soos hierdie jongman begin leef asof God nie bestaan nie.

Mag ons dan gou ag gee as hierdie liefde ons dring en nie eers soos die jongman wag tot ek my vasloop of God beproewing oor my bring nie.

Dr. D.G. Breed (Waterkloofrand)